GEREFORMEERDE KERK WONDERBOOMPOORT

Kantoorure: Maandag, Donderdag, Vrydag
07:30 tot 13:30

Kerkkantoor – 012 565 6220
Faksnommer – 086 509 3824
kantoor@gkwonderboompoort.org
www.gkwonderboompoort.org

KONTAK Jaargang 22 4 November 2018

OGGENDDIENS (09:00)

Lees: Obadja 1
Sing: Ps. 84:1,2,6;
Ps. 32:1,6;
Ps. 119:1,7;
Ps. 18:1,2,4

Tema: Dien jy werklik vir God?

Liturg: Br Hannes Noëth
Orrelis: Lydia Zeevaart

Offergawes onder die diens:
Werksaamhede van die diakonie

AANDDIENS (18:00)

Lees: Obadja 1
Sing: Ps. 100:1-4;
Ps. 40:1,4,5;
Skb 45:1,12

Tema: Die dag van die HERE Here

Liturg: Br Hannes Noëth
Orrelis: Karien Krüger

Offergawes onder die diens:
Werksaamhede van die diakonie

KOLLEKTES BY DIE DEURE

Vandag: Kerkkas	Instandhouding van die erediens.
Volgende Sondag: TSP Studentekas	Om studente wat aan die Teologiese Skool te Potchefstroom studeer, finansieel met beurse te help sodat die Gereformeerde leer uitgebou en verkondig kan word.

DANKOFFERS

ABSA Bank 632005	Kerkkas	Susters	Sending	Koningskinders	FNB 251045	Diakonie
	060 3400 64	060 3400 72	060 1883 00	9 276 253 131		625 8354 5862

- **Kontantbydraes** – Koeverte is by die deure beskikbaar. U kan dit in die dankofferkassie by die uitgangdeur by die preekstoel of in die kollektesakkie plaas.
- **EFT betalings** – Kontak asseblief die kerkkantoor om 'n unieke verwysingsnommer te bekom wanneer u u dankoffer elektronies oorplaas.
- **Debietorders** – U kan 'n debietordervorm by die kantoorkiosk in die kerksaal afhaal, invul en in die kassie by die kiosk pos.

GEMEENSKAP VAN GELOWIGES

Verjaarsdae

4 Nov	Sr. Tilla Smit	012 546 4744	071 611 5060
4 Nov	Br. Siegie Coetzee	076 927 4211	
5 Nov	Sr. Tina van Deventer	012 3300384	072 342 0525
5 Nov	Sr. Zelda Havenga	012 546 0861	083 258 8738
8 Nov	Jonge Sr. Jannita van Deventer	012 3300384	
8 Nov	Jonge Br. Stephan Kruger		
8 Nov	Sr. Barbara Kotzé	066 028 3254	

Lief en leed

- Geluk aan br Ruan en sr Carmin Smith met die geboorte van Lia! Ons glo dat sy julle baie vreugde sal bring. Tel.

SUSTERSAKE

Skinkbeurt vandag	Krisante
Bestuurslid:	Althea Heystek
Wyksuster wyk 4:	Lydia Zeevaart
Wyksuster wyk 10:	Natashia van der Walt

Christine Nel, Marieta Kruger, Petro Baxter, Patrys Loggenberg, Corrie Hurn, Maryna Redelinghuys, Hannetjie Labuschagne, Magda Pienaar, Santie Malan, Corlie Smit, Zelda Havenga, Sulette Victor, Lelanie du Preez.

Volgende Sondag	Lelies
Bestuurslid:	Martie Leslie
Wyksuster wyk 6:	Ronélle Kok
Wyksuster wyk 11:	Rika Ras

Sunette Ras, Estie Matthee, Helene Seegers, Eugene de Beer, Darell Wood, Liezl du Preez, Christel Ras, Heila Britz, Vickey Venter, Helena Greeff, Estie Lubbinge, Anne-Marie Malherbe, Dina Crous, Magda Visser, Leonie Lubbinge, Engela Lubbinge.

- Perkuleer koffie: Perkuleer koffie is beskikbaar om te koop @ R50 Klein sakkie en die groot pakkie @ R160 ten bate van die susterskas . Kontakpersoon: Althea Heystek.

- Nagmaalete **18 NOVEMBER** **Bring** eie vleis, tafeldoek, eetgerei **en** u drinkgoed. Susters voorsien: mengelslaai, aartappelslaai, wortelslaai. Nagereg: Roomys. Dan **braai** ons heerlik saam en deel in die gemeenskap van gelowiges. RSVP by Debbie teen 11 November sodat ons getalle kan finaliseer vir ons voorbereiding.

- Susters se funksie vir senior lidmate **17 NOVEMBER** Alle lidmate bo 60 word genooi na die jaarlikse funksie wat die susters reël.
  Ons talentvolle kinders gaan u met musiek en voordrag bedref.
  - "Wonderboomnoot Repertoire"Tyd: 10-12 uur
  - Plek: GK Wonderboompoort. 'n Vingerete word bedien.

  Uitnodigingkaartjies sal deur u wyksuster aan u oorhandig word.



- Sustersafsluiting **8 DESEMBER** Kom blom waar jy geplant is by ons Daisy-tee op 8 Desember. Die sustersafsluiting vir alle vroulike lidmate vind plaas by Hans en Ida van de Wetering se plaas net hier naby ons op die Harties-pad. 9:00 -12:00. Skryf solank die datum in jou dagboek.

OP DIE POORTPLAAS

Verlof ds Pieter en gesin
Ds. Pieter-hulle is tot 7 November uitstedig met verlof.

Approbasie
Br Jaco Vos word ter approbasie as diaken voorgehou.

Kosterspos en tydelike koster
Aansoekvorms vir die kosterspos is in die kerksaal beskikbaar. Die kerkraad sal in volgende jaar 'n permanente aanstelling maak. Dankie aan u elkeen wat belangstelling getoon het om vir die interim met die kosterpligte uit te help. Br Willie en sr Anita Jordaan is aangewys om die diens verrig.

Boeke te lees en te koop by die Biblioteek

Die biblioteek is gelee in die kerksaal in die linkerkantste katkisasielokaal.

KOM SNUFFEL SAAM

- Jy word voor die Koning geroep / Neels Smit (rooi)
- Majuba / V.E. D'Assonville (ligpienk)
- Die wonder van Jesus in die Ou Testament / D. Haasbroek (geel)
- Die lewe op die trekpad / G.C. Fourie (ligpienk)
- Heidi terug in die berge, 3 (dvd)
- 'n Gesant in 'n ketting / Joh. Dreyer (geel)
- Daar is ook geskrywe / J.C. Kruger (geel)
- Dertig preke (rooi)
- Lig en lewe / M.J. Booyens (geel)
- Ons antwoord aan Jehowa-getuies / P.J. de Bruyn (wit)

BOEKE TE KOOP

- Bybel sakgroote 1953;
- In U Hande inkleurboek;
- Psalms God se bediening liedere. Ds. A Smit.
- Jacobus Dr. L. Floor
- Johannes Calvyn kommentaar oor Romeine.
- Christus alleen in Psalm 110 Ds. AH Bogaards.
- Twaalf maal geseënd. Ds. Gérard Meijer.
- Depressie Struikelblok of uitdaging? Ds. Hannes Noeth.
- Die Saligsprekinge Ds. P. Le Roux.
- Die Dordtse Leërreels. Preke. Ds. C. Jooste.

D●PPERD●TTE

NUWE INTREKKERS

WORD VERSOEK OM NA DIE EREDIENS BY DIE KANSEL AAN TE MELD. EEN VAN DIE DIAKENS SAL U DAAR ONTMOET.

TOEGANG TOT TERREIN TYDENS EREDIENS

NEEM ASSEBLIEF KENNIS DAT, INDIEN U DIE TERREIN TYDENS DIE EREDIENS MOET VERLAAT OF LAAT IS, DIE OOPSKUIFHEK AAN DIE SAAL SE KANT OOPGESLUIT IS.

GEMEENTE WEBTUISTE

JY KAN PREKE, ARTIKELS, INLIGTING OOR DIE SUSTERS, ENS. OP DIE WEBTUISTE AFLAAI. GAAN BESOEK DIT GERUS BY http://gkwonderboompoort.org/

MOEDERSKAMER EN OUERS MET KLEUTERS

DAAR IS TWEE MOEDERSKAMERS OM TE GEBRUIK: EEN IN DIE VOORPORTAAL EN EEN AGTER DIE KONSISTORIE (WAT DEUR BORSVOEDENDE MOEDERS GEBRUIK WORD).

DIE AGTERSTE DRIE RYE BANKE IN DIE KERKGEBOU WORD GERESERVEER VIR OUERS MET KLEUTERS.

NUUSBRIEF

NEEM ASSEBLIEF KENNIS DAT DIE AFSNYTYD VIR INDIEN VAN BERIGTE DONDERDAGMIDDAG 13:00 IS.

BROODJIESAAND

DIE GEMEENTE BRING ELKE EERSTE SONDAG VAN DIE MAAND BROODJIES OM NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS SAAM 'N KOPPIE KOFFIE OF TEE TE GENIET.

	DAGBOEK
Sondag 4 November	08:55 - Samesang vooraf. Katkisasiepsalm: Psalm 32:1 09:00 – Oggenddiens. Katkisasie. 17:55 – Samesang vooraf. 18:00 – Aanddiens. Broodjiesaand.
Maandag 5 November	19:00 – Bybelstudie in die konsistorie (LW!). Hebr. 3:6-19 word behandel. Alle gemeentelede word hartlik uitgenooi!
Woensdag 7 November	08:15 Susters Bybelstudie in die Kerksaal. Jesaja 51:8-12 moet voorberei word. Almal is baie hartlik welkom! Geen Bybelstudie by Hermon nie. 19:00 Bedieningskommissie vergader by die pastorie.
Donderdag 8 November	19:00 – Ouderlinge verslagvergadering in die konsistorie. 19:00 – Sustersbestuur vergader by die pastorie.

DOPPIES – ONS OEFEN PSALMS!

Welsalig wie van skuld en straf onthewe,

die woord mag hoor: Jou sondes is vergewe.

Want God wat **GROOT** is in barmhartigheid,

het hom vergewe en skeld die skuld hom kwyt.

Welsalig, wie die **HEER** geen enkel

stonde toereken

wil die boosheid van die sonde

en wie se gees, van alle valsheid vry,

voor God ootmoedig al die skuld bely.

Psalm 32:1 (Lees Matteus 26:75)

welsalig = gelukkig onthewe = op te hef/weg te neem stondle = oomblik

kwytskeld = vrywillig prysgee wat iemand jou skuld barmhartig = ontferm/besorg oor/medelye

ootmoedig = berouvol neerbuig. Petrus se optrede toe hy besef dat hy Jesus verloën het, is 'n goeie voorbeeld van ootmoed.